Verwysing: 20170629-2476
3/3/3/9
Navrae: Inbelsentrum

Strategiese Mensbestuursminuut: 0006/2017

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Adjunkdirekteure, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Hoofde: Distrikskurrikulumondersteuning, Hoofde: Distriksleerderondersteuning, Voorsieningskettingbestuurspersoneel, Finansiespersoneel, Prinsipale, Hoofonderwyskundiges, Adjunkhoofonderwyskundiges, Staatsdienspersoneel

**Onderwerp: Aangewese werknemers moet hul finansiële belange openbaar**

1. Die Minister van Staatsdiens en Administrasie (MSDA) het die gewysigde *Staatsdiensregulasies* (SDR), 2016, in Staatskoerant No. 40167 van 29 Julie 2016 gepubliseer. Dit het vanaf 01 Augustus 2016 in werking getree om Staatsdiensregulasies, 2001 te vervang. Die SDR van 2016, bemagtig die MSDA om ander kategorieë werknemers aan te wys om hul finansiële belange te openbaar. Die MSDA het verder die bevoegdheid om die vorm, datum en finansiële belange wat geopenbaar moet word, te bepaal.

2. Voor Maart 2017, is slegs lede van die Senior Bestuursdiens (SBD) aangewys om hul finansiële belange te openbaar. Op 16 Maart 2017, het die MSDA ander kategorieë werknemers, soos hieronder geïdentifiseer, aangewys om hul finansiële belange bekend te maak (MSDA-bepaling is hierby aangeheg):

   (a) 'n Werknemer wat deur 'n Beroepspesifieke Dispensasie (BSD), die ekwivalent van salarisvlak 13 en hoër verdien.
   (b) 'n Werknemer wat op salarisvlak 11 en 12 aangestel is, insluitende werknemers wat die ekwivalent van salarisvlakke 11 en 12 deur 'n BSD verdien.
   (c) 'n Werknemer wat, ongeag sy/haar salarisvlak, in 'n voorsieningskettingbestuurseenheid werksaam is.
   (d) 'n Werknemer wat, ongeag sy/haar salarisvlak, in 'n finansiële eenheid werksaam is.
   (e) Etiekbeamptes en enige ander amptenare met gedelegeerde magtiging op die eDisclosure-stelsel.

Paragraaf 4.1 (Omvang van toepassing) van die MSDA-bepaling verklaar dat hierdie bepaling op alle departemente en sy werknemers van toepassing is wat ingevolge die Staatsdienswet, 1994 (Wet 103 van 1994) aangestel is, insluitende opvoeders.

3. Aangewese werknemers moet hul belange bekend maak om:

- deursigtigheid te verseker;
- aanspreeklikheid te verseker;
- botsing van belange tussen hul amptelike pligte en hul privaat finansiële belange te bestuur; en
- etiek en integriteit te bevorder en korrupsie in die staatsdiens te bestry.

4. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement sal tussen 01 September 2017 en 31 Oktober 2017 nakoming, in ooreenstemming met die MSDA-bepaling, implementeer. Die datums wat in paragraaf 7 van die aangehegte MSDA-bepaling weerspieël word, sal vanaf 2018 van krag wees.

| **Kategorieë van aangewese werknemers** | **Sperdatums vir openbaarmaking** |
| --- | --- |
| Werknemers wat op salarisvlak 12 aangestel is, insluitende werknemers wat deur 'n BSD, die ekwivalent van salarisvlak 12 verdien (insluitende prinsipale op ekwivalente salarisvlakke) | 01 September 2017 tot 31 Oktober 2017 |
| Werknemers wat deur die Provinsiale Minister, Uitvoerende Gesag, Hoof van die Departement vir rekordhouding, asook die doeltreffende implementering van Deel 2 van die SDR, 2016, gemagtig is | 01 September 2017 tot 31 Oktober 2017 |
| Werknemers wat op salarisvlak 11 aangestel is, insluitende werknemers wat deur 'n BSD, die ekwivalent van salarisvlak 11 verdien (insluitende prinsipale op ekwivalente salarisvlakke) | 01 September 2017 tot 31 Oktober 2017 |
| Werknemers in voorsieningskettingbestuur en finansiële eenhede, ongeag hul salarisvlak | 01 September 2017 tot 31 Oktober 2017 |

5. Inligtingsessies oor die eDisclosure-stelsel sal voorsien word, waar nodig.

6. 'n Nuut aangestelde aangewese werknemer wat nog nie op die eDisclosure-stelsel geregistreer is nie, moet die registrasievorm wat as Bylae A aangeheg is, voltooi. Die voltooide vorm moet ingedien word by die etiekbeampte wat die werknemer se registrasie op die eDisclosure-stelsel sal fasiliteer.

7. Tydperke vir openbaarmaking is soos volg:

(a) Bestaande aangewese werknemers: die vorige boekjaar (01 April van die vorige jaar tot 31 Maart van die huidige jaar).
(b) Nuut aangestelde aangewese werknemers: die boekjaar voor die datum van aanstelling (bv. indien op 01 Julie 2017 aangestel, moet die werknemer vir die boekjaar 2016/17, d.w.s. 01 April 2016 tot 31 Maart 2017, openbaar maak).
(c) Nuut aangestelde werknemers het tot 30 dae ná diensaanvaarding om hul finansiële belange openbaar te maak.

8. Aangewese werknemers (Hoof van Departement (HvD) uitgesluit) openbaar hul finansiële belange aan hul HvD.

9. Ingevolge paragraaf 11 (Nienakoming en Verslagdoening) van die MSDA-bepaling, is nakoming van die voltooiing van die finansiële openbaarmaking verpligtend.

10. Vir maklike verwysing, is 'n bondige gids aangeheg oor hoe om finansiële belange te registreer en op die eDisclosure-stelsel openbaar te maak, soos hieronder gelys:

- Aandele of enige ander vorm van ekwiteit in 'n geregistreerde privaat of openbare maatskappy of enige ander korporatiewe entiteit wat deur die wet erken word
- Leningsrekeninge (verband-, voertuigfinansiering- en kleinhandelsrekeninge uitgesluit)
- Inkomstegenererende bates
- Trusts
- Direkteurskappe en vennootskappe
- Konsultasie en deurlopende opdragwerk
- Borgskappe
- Geskenke en gasvryheid van 'n ander bron wat nie 'n familielid is nie
- Eienaarskap en ander belange in roererende eiendom
- Voertuie
- Enige ander finansiële belange
- Ander besoldigde werk buite die werknemer se departement (BWBS)

11. Die Wes-Kaapse Regering se Beleid oor Besoldigde Werk buite die Staatsdiens (BWBS), wat vanaf 01 September 2012 geïmplementeer is, reguleer die uitvoer van besoldigde werk wat deur werknemers buite die staatsdiens verrig word, en is by hierdie omsendbrief aangeheg.

Paragraaf 13(c) van Deel 1, Hoofstuk 2 van die SDR, 2016, wat op 01 Augustus 2016 in werking getree het, verklaar dat 'n werknemer:
*"nie sake met enige staatsinstelling sal doen of 'n direkteur van 'n openbare of privaat maatskappy sal wees wat sake met 'n staatsinstelling doen nie, tensy sodanige werknemer in 'n amptelike hoedanigheid 'n direkteur is van 'n maatskappy wat in*

*skedule 2 en 3 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur gelys is*". Hierdie bepaling is *mutatis mutandis* van toepassing op werknemers wat ingevolge die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998), aangestel is.

12. Die volgende etiekbeamptes kan vir navrae of vrae om meer duidelikheid te kry, gekontak word:

| Naam | E-posadres | Tel. nr. |
|---|---|---|
| May Davids | may.davids@westerncape.gov.za | 021 467 2365 |
| Mark van der Vendt | mark.vandervendt@westerncape.gov.za | 021 467 2509 |
| Grant Abrahams | grant.abrahams@westerncape.gov.za | 021 467 2574 |

**GETEKEN:** BK SCHREUDER
**HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:** 2017-09-09